



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2010

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Kyk- en leesbegrip (VRAAG 1, 2 en 3)	(30)
AFDELING B: Opsomming (VRAAG 4)	(10)
AFDELING C: Taal (VRAAG 5, 6, 7 en 8)	(40)
2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.

Vuvuzelas is wonderlike instrumente, maar ...

- 1 Daar is baie stories oor waarvandaan die vuvuzela (blêrbuis) kom. Party mense hou van die geluid terwyl ander dit nie kan verdra nie. Maar as 'n mens van die vuvuzela praat, verwys jy eintlik na die geluid wat dit maak.
- 2 Die mense sê dit lyk asof die koedoehoring die vuvuzela se oeroupa is. Ou Afrika-stamme het só 'n koedoehoring geblaas om stamlede bymekaar te roep. Later het sokkerentoesiaste dieselfde geluid probeer maak. Hulle het toe 'n blaasinstrument van blik gemaak.
- 3 In die 1990's het twee Kapenaars besluit om dié blaasinstrument van plastiek te maak. Hulle het aanhou probeer totdat die koedoehoring se klank perfek nagemaak is. Eers in 2004 het hulle die nuwe blaasinstrument geregistreer. In Zoeloe beteken dit "om groot geraas te maak".
- 4 Sokkertoeskouers hou van die vuvuzela. Daarmee kan jy jou vreugde oor of jou teleurstelling in jou span se spel uitdruk. Die hoofdoel is net om te wys dat jy die spelers ondersteun.
- 5 Shadrack Bokaba (direkteur van die Johannesburgse Filharmoniese Orkes) sê die vuvuzela verskil van die ander moderne blaasinstrumente se klanke. Die vuvuzela kan net een noot maak. Volgens Bokaba is die vuvuzela Suid-Afrika se nasionale musiekinstrument.
- 6 Judith Sephuma, bekende jazz-sangeres, sê sy is mal daaroor. Ons is Afrikane en ons mag maar geraas maak. Toe die sokkerondersteuners eenkeer in Bloemfontein saam met die geluid van die vuvuzela gesing het, was dit een van die mooiste klanke wat sy nog ooit gehoor het. Sy glo dis pret, dit bou spangees en dis ons eie.
- 7 Johan van Rensburg, van die TV-program *Noot vir Noot*, sê: "Ek stem saam dat die mense kan geesvang met die vuvuzela, maar dis beslis nie 'n musiekinstrument nie." Die vuvuzela se geluid is vir hom lelik – die onmusikaalste geluid wat hy nog ooit gehoor het.
- 8 Met die Konfederasiebeker-toernooi het mense baie geargumenteer of die vuvuzela toegelaat moet word. Veral die buitelanders het gekla oor die lawaai wat dit maak.



Die vuvuzela het die groen lig van Fifa, die wêreld sokker-beheerliggaam, gekry.

Mnr. Sepp Blatter, die president van Fifa, het gesê dit is Afrika-kultuur. Suid-Afrika gaan die 19de Fifa-Wêreldbekertoernooi aanbied en die Suid-Afrikaners moet hulle kultuur kan beoefen soveel as wat hulle wil.

- 9 Vir Neil van Schalkwyk en Beville Bachman, die “vaders” van die moderne vuvuzela, is hierdie nuus dat die vuvuzela toegelaat gaan word, soos musiek in hulle ore. Die diep gezoem van die vuvuzela is die soet klank van sukses!

[Verwerk uit: *Die Burger*, 24 Junie 2009]

- 1.1 Haal EEN SIN uit paragraaf 1 aan wat die kontras in die titel verduidelik. (1)
- 1.2 Waarvoor het ou Afrika-stamme koedoeerings gebruik? (1)
- 1.3 Wat beteken die woord “vuvuzela”? (1)
- 1.4 Waarvan het sokkerentoesiaste hul blaasinstrumente wat soos koedoeerings moes klink, gemaak? (1)
- 1.5 Die vuvuzela word slegs gebruik om vir die spelers te sê dat hulle swak speel.
- 1.5.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.5.1 uit die teks. (1)
- 1.6 Kies die sinsdeel uit KOLOM B wat die stelling in KOLOM A korrek voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Shadrack Bokaba en Johan van Rensburg stem nie saam nie dat ...	A	die vuvuzela Suid-Afrikaners in die gees van sokker bymekaar kan bring.
1.6.2	Judith Sephuma en Johan van Rensburg stem saam dat ...	B	die vuvuzela 'n vrolike lawaai maak.
1.6.3	Sepp Blatter en Judith Sephuma stem saam dat ...	C	die vuvuzela 'n musiek-instrument is.
		D	die vuvuzela deel van ons kultuur is.

(3 x 1) (3)

- 1.7 Mnr. Sepp Blatter is *partydig* as hy sê: “ ... en die Suid-Afrikaners moet hulle kultuur kan beoefen soveel as wat hulle wil.” (Paragraaf 8)

Verduidelik waarom hierdie stelling 'n voorbeeld van mnr. Sepp Blatter se

partydigheid is. (1)

1.8 Jy wil hê dat Suid-Afrikaanse én oorsese sokkerentoesiaste die sokkerwedstryde moet geniet.

Watter reël sal jy wil maak vir die gebruik van die vuvuzela? Gee jou antwoord in EEN VOLSIN. (1)

1.9 “Die diep gezoem van die vuvuzela is die soet klank van sukses!” (Paragraaf 9)

1.9.1 Waarmee word die vuvuzela se geluid vergelyk? (1)

1.9.2 Wat is “die soet klank van sukses” vir Neil van Schalkwyk en Beville Bachman? (1)

1.10 Neil van Schalkwyk en Beville Bachman het eerste die idee vir die moderne vuvuzela gehad.

1.10.1 Is hierdie stelling ’n MENING of ’n FEIT? (1)

1.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1. (1)

[15]

EN

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees en kyk na die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

Kry jou KRAG terug

- 1 As jy moeg en dof in die kop is, doen jouself 'n guns – neem net *Turbovite*. Dit is moontlik die beste besluit wat jy ooit sal neem. Vra maar die slimkoppe!
- 2 *Turbovite* sit jou brein in 'n vinnige rat, gee energie en help jou om uit te hou en aan te hou. Of jy dus werk, studeer of speel, laat die energie met *Turbovite* vloei.
- 3 *Turbovite* is beskikbaar by apteke en uitsoekwinkels in kapsules, stroop, 'n een-'n-dag fizzy of lekkers.

WAARSKUWING:

Nie vir stompkoppe of vaakvisse nie!



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 29 Oktober 2009]

- 2.1 Kyk na die prent. Watter TWEE dinge op die seun se gesig en kop dui aan dat hy 'n elektriese skok kry? (2)

- 2.2 “*Turbovite* sit jou *brein* in 'n *vinnige rat*,” ... (Paragraaf 2)

Voltooi die volgende sin met EEN WOORD:

Turbovite laat 'n mens vinniger ...

(1)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Volgens die advertensie is *Turbovite* se teikengroep mense wat ...

- A baie energie het.
- B lang ure kan werk.
- C baie hard studeer.
- D kan uithou en aanhou. (1)

2.4 'n Mens kan *Turbovite* soos pille drink, oplos in water of as 'n stroop drink. Op watter *ander* manier maak *Turbovite* seker dat selfs kinders daarvan sal hou? (1)

2.5 “Waarskuwing: Nie vir stompkoppe of vaakvisse nie!”

Watter EEN WOORD in paragraaf 1 het die teenoorgestelde betekenis as “stompkoppe of vaakvisse”? (1)

2.6 “Kry jou KRAG terug.”

Gee 'n rede waarom die woord, KRAG, in die opskrif so effektief is. (1)
[7]

EN

- 3.1 Haal EEN WOORD aan wat aandui dat hierdie vakke nie gedurende die skoolkwartaal onderrig word nie. (1)
- 3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Die Môrester* is nie verantwoordelik vir ... nie.
- A leerders se middagetes
B die opstel van leer materiaal
C leerders wat nie betyds opdaag
D die vakke wat leerders kanselleer (1)
- 3.3 Watter graad gaan nie ekstra klasse in Lewenswetenskappe ontvang nie? (1)
- 3.4 Die inskrywingsgeld is net genoeg vir die *leer materiaal* wat die leerders gaan ontvang.
- 3.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 3.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.4.1. (1)
- 3.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Die Môrester* sal die leerders dadelik laat weet as hulle ...
- A die leerder se betaling ontvang het.
B die leerder se geld gaan terugbetaal.
C sekere vakke nie gaan aanbied nie.
D nie vegetariese kos gaan aanbied nie. (1)
- 3.6 Hoe weet ons dat *Die Môrester* seker maak oor die volgende:
- 3.6.1 Dat daar nie net een soort kos is nie (1)
- 3.6.2 Dat die leerders se ouers van die vakansieklasse weet (1)

[8]**TOTAAL AFDELING A: 30****EN**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4: Hoe lyk die lewens van Suid-Afrika se jongmense?**

- Som die kenmerke van die lewens van Suid-Afrika se jongmense in SEWE sinne op.
- Skryf die kenmerke in volsinne neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Hoe lyk die lewens van Suid-Afrika se jongmense?

- 1 Die lewens van Suid-Afrika se jongmense lyk anders as vyftig jaar gelede, soos ons in die volgende voorbeelde kan sien.
- 2 Jongmense se lewens draai om tegnologie. Baie van hulle kry reeds op 9-jarige ouderdom 'n eerste selfoon. Daarsonder voel hulle verlore. As ouer mense sukkel met 'n rekenaar of nuwe selfoon, word die jonges vinnig geroep om te help.
- 3 Onderwysers kla dat leerders se luistervermoë swak is. Navorsing wys dit is omdat hulle gedurig blootgestel word aan harde klanke wat hulle gehoor affekteer. Dit kan ook wees dat hulle so gewoon daaraan is om musiek oor en oor te speel, dat hulle nie die eerste keer luister nie.
- 4 Rekenaarspeletjies leer jongmense om kans te waag. Hierdie speletjies leer 'n mens dat daar altyd 'n geleentheid is om weer te probeer. Maar in die regte lewe is dit nie altyd moontlik om jou foute reg te stel nie. Jongmense leer hierdeur om goed te dink voordat hulle kans waag.
- 5 Die adverteerders weet hoe belangrik materiële dinge vir jongmense is. Die media maak dus seker dat hulle bekende handelsname en duur tegnologie oral adverteer. Om hierdie dinge te koop, het jongmense geld nodig. Geld speel daarom 'n groot rol in ons jongmense se lewens.
- 6 Jongmense beleef deesdae traumatiese situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat.
- 7 Anders as in die verlede, glo jongmense dat grootmense respek moet verdiën. Respek word nie outomaties aan ouderdom gekoppel nie. Volwassenes moet dus so optree dat die jeug hulle sal respekteer.
- 8 Jongmense verkies deesdae familieledes as rolmodelle. Tradisionele rolmodelle, soos sport- en rolprentsterre, is nie meer so belangrik soos in die verlede nie.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 14 Mei 2010]

AFDELING C: TAAL**VRAAG 5: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder van *Sun Sure*-produkte gebaseer.



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 Februarie 2010]

- 5.1 Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte woord.
Jy moet jou vel **beskerm**, want die son veroorsaak kanker. (1)
- 5.2 Vorm 'n samestelling van die woorde tussen hakies.
Jy moet al in jou (kind + jare) na jou vel begin kyk. (1)
- 5.3 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
Sonbrandroom is nodig om die (skadelik) sonstrale te keer. (1)
- 5.4 Gee 'n antoniem vir die vetgedrukte woord tussen hakies.
Pick 'n Pay se prys vir *Sun Sure*-produkte is (nie **duur** nie). (1)
- 5.5 Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.
Jy kan heeldag op die strand speel. *Sun Sure* sorg vir jou vel. (terwyl)
Begin so: Jy ... (1)


- 5.6 Verander die stelsin in 'n vraagsin. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.
Die kinders lê **onder die sonsambreel**. (1)
- 5.7 Gee 'n afkorting vir die vetgedrukte woorde.
Sun Sure-produkte hou jou vel veilig, **met ander woorde**, dit beskerm jou vel baie goed. (1)
- 5.8 Kies die woord met die KORREKTE spelling.
Mense behoort sonbrille te dra, want die (lig/lug) is baie skerp. (1)
- 5.9 Vul die KORREKTE voornaamwoord in.
Die dogtertjie aan die regterkant lê nie naby ... maats nie. (1)
- 5.10 Skryf die sin oor in die lydende/passiewe vorm.
Al die kinders gebruik *Sun Sure*-produkte.
Begin so: *Sun Sure*-produkte ... (1)
- 5.11 Die sambreel is met *Sun Sure*-room geteken.
Wat impliseer hierdie tekening? (1)
[11]

EN

VRAAG 6: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer. Daar is taalfoute in hierdie strokiesprent wat jy in die vrae gaan regstel.

Ben en Babsie sit aan tafel saam met hul seun, Basie. Hulle probeer Basie aanmoedig om verder te studeer.




*[ATKV: Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging]

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Des./Jan. 2009]

- 6.1 Skryf Ben se woorde oor in die indirekte rede. (Raampie 1)
“Basie, weet jy ons is lede van die ATKV?”
Begin só: Ben vra vir Basie of ... (3)
- 6.2 Skryf Babsie se woorde oor in die verlede tyd. (Raampie 1)
Ons het baie voordele. (1)
- 6.3 Skryf Babsie se woorde oor in die ontkenende vorm. (Raampie 1)
Dit sluit studieleninge in. (1)
- 6.4 Kies die KORREKTE woord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
In sy gedagtes gee Basie ’n uitroep wat hy by sy Xhosa-vriend geleer het. Hierdie woord sê dat Basie ... voel. (Raampie 1)
- A bly
B hartseer
C verbaas
D opgewonde (1)
- 6.5 Gee die teenoorgestelde geslag vir die vetgedrukte woord.
Dalk wil jy ’n **onderwyser**, ’n dokter of ’n oorspesialis word. (Raampie 2) (1)
- 6.6 Kies die KORREKTE voorsetsel.
Jy sal ’n fortuin maak (aan/uit/oor) ons Suid-Afrikaners. (Raampie 3) (1)
- 6.7 Skryf die sin oor in die infinitief.
Hulle maak sakke vol geld. (Raampie 4)
Begin so: Hulle behoort ... (1)
- 6.8 Skryf die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord.
Ja-nee, jy kan **ryk** word. (Raampie 4) (1)
- 6.9 Skryf die DRIE sinne oor en vul die ontbrekende leestekens in. (Raampie 6)
Prokureur Sê liever proku...rower Nee ek wil nie studeer nie. (3)
- 6.10 Verduidelik waarom Basie se woorde in raampie 6 stereotiperend is. (2)
[15]

VRAAG 7: GRAPPIE

Die taalvrae wat volg, is op die grappie hieronder gebaseer.



7.1 Gee die verkleinwoord van die woord tussen hakies:

Hoe weet jy die (skilpad) is 'n alkoholis? (1)

7.2 Kies die regte werkwoord tussen hakies.

'n Alkoholis (gebruik/misbruik/verbruik) alkohol omdat hy of sy te veel drink. (1)

7.3 Gebruik die vetgedrukte woord in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het.

Die skilpad se **dop** is sy huis; die skilpad kan nie daarsonder leef nie. (1)

7.4 Kies die idioom wat dieselfde beteken as die volgende sin:

Hy is dronk.

A Hy loop twee lang spore.

B Hy trap in sy diep spore.

C Hy loop twee rye spore.

D Hy trap twee diep spore. (1)

[4]

EN

VRAAG 8: TYDSKRIFARTIKEL-OPSKRIF

Die taalvrae wat volg, is op die opskrif hieronder gebaseer.

OPRAH WINFREY

bekende aanbieder
op die kassie



[Verwerk van: *Internef*]

- 8.1 Waarna verwys die woord “kassie” in die konteks van hierdie opskrif? (1)
- 8.2 Gee die KORREKTE deelwoord vir die woorde tussen hakies.
Sy was ’n (wat gemolesteer is) kind. (1)
- 8.3 Skryf die sin oor en vervang die vetgedrukte woord met die voegwoord “tog”.
Oprah het arm grootgeword, **maar** sy het haar bes gedoen. (1)
- 8.4 Skryf die volgende sin oor in die toekomstige tyd.
Oprah motiveer baie mense. (1)
- 8.5 Skryf die sin oor in die ontkennde vorm.
Iets was vir haar te moeilik. (2)
- 8.6 Skryf die sin oor en rangskik die woorde tussen hakies in die KORREKTE volgorde.
Oprah praat (op die kassie/opgewonde/elke dag) oor haar suksesstorie. (1)
- 8.7 Kies die KORREKTE spelling.
Ek wens ek het so baie (moed/moet) soos Oprah gehad. (1)

8.8 Skryf die sin oor as 'n bevelsin.

Jy moet aan jou drome glo.

(1)

8.9 Skryf die regte vorm van die voornaamwoord tussen hakies neer.

Jy kan jou drome bereik as jy bereid is om hard (vir + dit) te werk.

(1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80